

Nagjakkals

Hendrik Januarie. Kaapstad: Kwela Boeke.
2007. 35 pp. ISBN: 9-7807-9570-253-2.

Hendrik Januarie se debuutbundel *Pro rata* wat in 1989 by Perskor verskyn het, gee reeds 'n aanduiding van hierdie digter se vermoë om indrukke – onder andere van die natuur, landskappe, verganklikheid en die sikliese aard van lewe en bestaan – onder woorde te bring. Hierdie bundel toon ook sy voorliefde vir alliterasie (kyk “etenstyd”) en ironie.

Januarie se nuutste bundel *Nagjakkals* bou hierop voort. Verganklikheid, verlies en vervlietendheid staan weer voorop in gedigte soos “Boek in die wind”, “Kortpad”, “Hulle was hier” en “Oor hierdie winter”. Daar is 'n nostalgie na 'n vergange tyd, getemper deur godsdienssin en geloof in die teenwoordigheid van 'n Hemelse Wese wat ons tydelik-

heid in Sy ewigheid ophef. In hierdie wete en in die Woord vind die digter berusting (“Laaste sien”) en besef hy die feilbaarheid van die digterlike woord wat in sy beperkinge die verganklikheid nie kan besweer nie, vgl. “Hierdie kontrei / se ryker verlede/rus in vergelheid ... Ek wens ek kon / dit vaslê vroeër, / anders as in dié gedig”.

Die digter stoei met hierdie ou problematiek rakende die (on)mag van sy ambag. Enersyds bevestig hy in “Die transaksie”:

Die wa was
’n storiëdraer
oor Oupa
en oor Pa.
Ek skryf dit in
my testament:
Ou stories
nie die wa

en andersyds bely hy in “Reünie”:

Maar die vertellings
kon die kinders
van die kindskinders
nie gom nie
want die wortels lê vaster in vergete
kontinente.

Dié bundel puntdigte wys die digter se gevoeligheid vir alliterasie in byvoorbeeld “Verblindings” en “Onder die hamer”, woordspel in “Non-epiek” asook ritme en rym in “Nuwe ontcoming”. Oorwegend is dit ’n bundel van mooi verwoorde indrukke. Beloftes van poësie word waar gemaak in die enkele verse waarin ’n slotreël deur ironisering of jukstaposisie verby die lokale spreek, byvoorbeeld in “Aalwynboom”, “In transit” en “Op snyvlak”.

Januarie se verse ontspring uit sy geboortestreek, die Klein Karoo. Oorwegend enunereer hy die aardsheid van die landskap en plantegroei soos in “Kiem van ’n blom” en “Hierdie kontrei” en vind ook dikwels ’n groter sin en samehang in die gebeure wat

daar afspeel. Maar, die mense van hierdie streek is vir my opvallend afwesig of is skimmige figure teen die agtergrond van die natuur of naturalisties uitgelewer aan ’n goddelike of ewolusionêre verloop. En daarom bly die verse vir my vassteek in pastorale beelde sonder die teenwoordigheid van, al sy dit ook, nietige, feilbare wese. My gevoel is dat Januarie se gedigte meer trefkrag sal kry in die verwoording van die materialiteit van ’n Klein Karoo-lewe en dat hy daardeur dié wêreld en sy mense poëties sal oopskryf, vergelykbaar met wat Abraham H. de Vries in sy kortverhale doen.

Te veel van ’n nagjakkels, skarrelend en snuffelend op die spoor, en te min van die gevreesde bergluiperd wat homself in ou ruimtes laat geld (kyk “Luiperdland”).

Steward van Wyk

Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville

’n Ander ek.

E. K. M. Dido. Roggebaai: Umuzi. 2007.
254 pp. ISBN: 978-1-4152-0034-6.

Reeds die titel van E. K. M. Dido se mees onlangs verskene roman dui aan dit hier om kwessies rondom identiteit gaan. Anders as byvoorbeeld in ’n vorige roman, naamlik *’n Stringetjie blou krale* (2000), gaan dit egter nie om die vind van ’n gekleurde identiteit in ’n postapartheidsbestel na die politieke veranderinge in 1994 in Suid-Afrika nie. As slagoffer van ’n ernstige gewelddadige aanranding en verkragting, verkeer die vroulike hoofpersoon (Gertruida Reiger) vir ses maande in ’n bewustelose toestand. Wanneer sy bykom, ly sy aan geheueverlies en skep sy vir haar ’n voorlopige identiteit met as naam Egidius Papier. Die volledige uitleg vir die keuse van hierdie naam (80–81) doen enigermate afbreuk, aangesien die leser